Lesson 4

**17 tot 23 Oktober*

Die oë van die Here: Die Bybelse wêreldbeskouing

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Spr. 15:3; Job 12:7–10; Efe. 6:12; Op. 20:5, 6; Joh. 1:1–14; Mark. 12:29–31.

Geheueteks:
"Die Here weet wat mense doen. Hy sien al die goeie dinge en al die ongeregtighede raak" *(Spreuke 15:3, DB).*

Die Poolse digter, Czeslaw Milosz, het 'n gedig geskryf wat begin met denkbeeldige diere: pratende hase, pratende eekhorings, ensovoorts. Hulle het "baie gemeen met werklike diere", skryf hy, "net soos ons ook sekere opvattings het oor die regte wêreld." Hy eindig sy gedig met die volgende woorde: "Dink dan hieroor, en bewe."

"Bewe" mag dalk 'n té harde woord wees, maar dis inderdaad waar, so baie wat mense van die wêreld dink, kan geheel en al verkeerd wees. Byvoorbeeld, vir meer as twee duisend jaar het die slimste en bes-opgevoede mense gedink dat die aarde onbeweeglik die middelpunt van die heelal is. Vandag glo die slimste en bes-opgevoede mense dat die mens ontwikkel het uit wat oorspronklik die eenvoudigste vorm van lewe was.

Die mens kyk nooit na die wêreld vanuit 'n totaal neutrale posisie nie. Ons sien dit, altyd en slegs, deur die filters wat beïnvloed hoe ons die wêreld om ons begryp en interpreteer. Daardie filter word 'n wêreldbeskouing genoem, en dis so lewensbelangrik om ons jongmense, en selfs die ouer kerklidmate, die bybelse wêreldbeskouing te leer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 Oktober.*

Sondag

18 Oktober

Die oë van die Here

'n Professor aan die Universiteit van Oxford het 'n teorie voorgehou: ons, die wêreld, en alles rondom ons- niks daarvan is werklik is nie. Ons is eerder die digitale skeppings van 'n uitheemse ras met super-kragtige rekenaars. Alhoewel dit 'n interessante teorie is, laat dit 'n lewensbelangrike vraag ontstaan: wat is die aard van werklikheid? Daar is breedweg twee moontlike antwoorde, al is dit net een wat rasioneel is. Die eerste is dat die heelal- en alles daarin, insluitend ons – bloot bestaan. Niks het dit geskep nie, niks het dit gevorm nie. Dit is net daar. Dit is eenvoudig 'n brute feit. Daar is geen god nie, daar is geen gode nie, daar is geen goddelike nie. Die werklikheid is suiwer stof, suiwer natuurlik. Iemand het 2,500 jaar gelede gesê (dis geen nuwe idee nie), daar is slegs "atome en die leemte."

Die ander siening is dat een of ander goddelike wese (of wesens) die heelal geskep het. Dit blyk inderdaad meer logies en rasioneel te wees, sinvoller as dat die heelal net bestaan, met geen verduideliking daarvoor nie. Hierdie uitgangspunt omsluit die sigbare (of natuurlike) wêreld, die wêreld van "atome en die leemte", maar is nie daartoe beperk nie. Dit dui op 'n realiteit wat heelwat groter, dieper, en meer veelkantig is as die ateïsties-materialistiese oogpunt wat ons vandag so dikwels hoor.

Wat sê die volgende teksverse oor die idees wat in vandag se les geopper is? Ps. 53:1, Spr. 15:3, Joh. 3:16, Jes. 45:21, Luk. 1:26–35.

Sentraal tot enige Christelike opvoeding is nie net die realiteit van God nie, maar van die soort God wat Hy is, 'n persoonlike God wat ons liefhet en interaktief met ons verkeer. Hy is 'n God van wonderdade, en al gebruik Hy die natuurwette, is Hy nie gebind deur daardie wette nie, en kan Hy daardie wette ophef soos Hy wil (byvoorbeeld die maagdelike bevrugting van Jesus). Die onderrig van hierdie siening is veral pertinent in ons huidige tyd, omdat so baie van die intellektuele wêreld wat verkeerdelik daarop aanspraak maak dat die wetenskap dit bewys, openlik en onapologeties die ateïstiese en naturalistiese wêreldbeskouing leer.

Dink daaroor hoe eng en beperk die ateïstiese wêreldbeskouing is, wat (soos hierbo genoem) die natuurlike wêreld omvat, maar nie daardeur beperk word nie. Waarom is dit dat die bybelse wêreldbeskouing, die teïstiese wêreldbeskouing, uiteindelik net soveel logieser en meer rasioneel is as sy ateïstiese teenstaander?

Maandag

19 Oktober

Leibniz se vraag

Baie jare gelede het ‘n Duitse filosoof en skrywer, Gottfried Wilhelm Leibniz, waarskynlik die mees basiese en fundamentele vraag ooit gevra: “Waarom is daar iets, in stede van niks?”

Hoe beantwoord die volgende teksgedeeltes Leibniz se vraag? Gen. 1:1; Joh. 1:1–4; Eks. 20:8–11; Op. 14:6, 7; Job 12:7–10.

Dis fassinerend om in die Bybel te sien hoe die bestaan van God bloot ‘n gegewe is. Genesis 1:1 begin nie met ‘n klomp logiese argumente (alhoewel daar baie is) vir die bestaan van God nie. Sy bestaan word bloot aanvaar *(lees ook Eks. 3:13, 14)*, en vanaf daardie uitgangspunt word God die Skepper, in die Bybel geopenbaar soos dit algaande ontvou. Die leerstelling van die skepping is ook grondliggend tot enige Christelike opvoeding. Alles wat ons as Christene glo, alles, is geskoei op die beginsel van die ses-dag skepping. Die Bybel begin nie met ‘n stelling oor versoening, of oor die wet, of oor die kruis, of oor die opstanding, of oor die wederkoms nie. Nee, dit skop af met ‘n stelling oor God as Skepper, want nie een van hierdie ander leerstellings maak sin behalwe die werklikheid van God as Skepper nie.

Daarom, weer eens, moet ‘n bybelse wêreldbeskouing die belangrikheid van die leerstelling oor die skepping benadruk. Hierdie klem word ook baie belangrik, want die leerstelling oor die skepping word loodreg aangeval in die naam van wetenskap. Evolusie – miljoene jare van lewe wat stadig ontwikkel deur toevallighede, het die geloof in die Bybel vir miljoene der miljoene mense vernietig. Dit is moeilik om jouself ‘n groter antitese tot die Bybel en die Christelike geloof in die algemeen voor te stel as evolusie. Dat die idee van evolusie met die bybelse leer van die skepping geharmonieer kan word, is selfs ‘n erger idee as ateïstiese evolusie. Dit kan nie gedoen word nie, behalwe om ‘n bespotting van die Bybel en die Christelike geloof in sy geheel te maak.

God vra van ons om weekliks een sewende van ons lewens te gebruik om die ses-dag skepping te herdenk, iets wat Hy van geen ander leerstelling vra nie. Wat behoort dit ons te vertel oor hoe belangrik en grondliggend hierdie leerstelling is tot ‘n Christelike wêreldbeskouing?

Dinsdag

20 Oktober

Die Bybelse wêreldbeskouing

Soos in die inleiding genoem is, beskou niemand van ons die wêreld vanuit ‘n neutrale posisie nie. Die ateïs kyk byvoorbeeld na die reënboog in die lug en sien niks anders as ‘n natuurverskynsel nie. Dit het geen ander betekenis nie behalwe dit wat die mens daaraan gegee het. In teenstelling hiermee sien iemand vanuit ‘n bybelse perspektief nie slegs die natuurverskynsel wat deur water en lig gevorm word nie, maar ook God se herbevestiging van die belofte dat die aarde nie weer deur water vernietig sal word nie *(Gen. 9:13–16)*. “Hoe groot is die neerbuigende liefde van God en Sy barmhartigheid teenoor Sy dwalende skepsele, dat Hy die pragtige reënboog as teken van Sy verbond met die mensdom in die wolke sit! (. . .) Sy bedoeling was dat ouers, wanneer hulle kinders in toekomstige geslagte vra wat die betekenis is van die lieflike boog aan die hemele, die verhaal van die sondvloed moet vertel, en aan die kinders moet verduidelik dat die Allerhoogste die boog gebuig en in die wolke gehang het om die aarde te verseker dat dit nooit weer deur ‘n sondvloed verwoes sal word nie.”—Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, p. 106.

Vir Sewendedag-Adventiste bly die Bybel die grondliggende teks van ons geloof. Dit leer die wêreldbeskouing, die “filter” (of lens), waardeur ons die wêreld moet sien en begryp; en hierdie wêreld kan ‘n uiters uitdagende en ingewikkelde plek wees. Die Skrif skep die sjabloon wat ons in staat stel om die werklikheid waarin ons onsself bevind en waarvan ons deel is, waardeur ons dikwels verward en benewel word, beter te verstaan.

Watter waarhede vind ons in die volgende teksverse wat ons kan help om die realiteit waarin ons bestaan, beter te begryp? Efe. 6:12; Markus 13:7; Rom. 5:8; Rom. 8:28; Spr. 9:5; Op. 20:5, 6.

As Sewendedag-Adventiste moet ons sterk vashou aan die leringe van die Bybel, want dit is God se geopenbaarde waarheid aan die mens, waarin Hy baie dinge oor en van die wêreld verduidelik wat ons andersins nie sou weet of verstaan nie. Gevolglik moet alle Christelike opvoeding gewortel in en gegrond wees op die Woord van God, en enige ander leer in teenstelling daarmee moet verwerp word.

Wat is sommige van die Bybel se leerstellings wat ander mense se geloofsoortuigings weerspreek? Wat behoort hierdie verskil ons te leer oor hoe belangrik dit is dat ons getrou aan God se Woord moet wees?

Woensdag *21 Oktober*

Aanbid die Verlosser

Hoe belangrik ook al die leerstelling oor die skepping vir ons geloof is, staan hierdie leerstelling nie alleen nie, veral in die Nuwe Testament. Dit kom dikwels saam, dikwels selfs onlosmaaklik verbind, met die leerstelling van verlossing. Die rede daarvoor is, eerlik gesproke, dat die skepping alleen in 'n gevalle wêreld van sonde en dood, nie genoeg is nie. Ons leef, ons sukkel, ons ly (soos almal), en wat dan daarna? Ons sterf, en eindig uiteindelik op net soos dierekarkasse wat langs die pad gelos is. Hoe wonderlik is dit? Daarom het ons, net so belangrik soos ons wêreldbeskouing, ook die leerstelling van verlossing – en dit beteken dat ons Jesus Christus as die kern het van alles wat ons glo, Hy wat gekruisig is en weer opgestaan het.

Lees Johannes 1:1–14. Wat sê hierdie verse vir ons wie Jesus was en wat Hy alles vir ons gedoen het?

Kyk ook na die eerste engel se boodskap: "En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het" *(Op. 14:6, 7)*. Let op dat die "ewige evangelie" direk verbind word aan God as die Skepper. En wanneer ons besef dat die God wat ons geskape het dieselfde God is wat, in menslike vlees, die straf vir ons sondes op Homself gedra het – is dit geen wonder dat ons opgeroep word om Hom te aanbid nie. Watter ander reaksie behoort daar van ons te wees wanneer ons besef hoe ons God werklik is? Om hierdie rede moet die gekruisigde Christus voorop en sentraal staan in alles wat ons leer – 'n onderwysing wat trouens alles moet insluit, die Wederkoms ook, omdat Christus se eerste koms nie van veel nut vir ons is sonder die tweede koms nie. 'n Mens kan van die standpunt uitgaan dat, uit die Skrif, Christus se eerste en tweede koms twee dele van een gebeurtenis is – die verlossingsplan.

Dink na oor die idee wat in Johannes 1 uitgedruk word; dat die Een wat alles gemaak het "wat ontstaan het" *(Joh. 1:3)*, dieselfde Een was wat aan die kruis vir ons gesterf het. Waarom sou aanbidding die oorweldigend natuurlike respons wees?

Donderdag *22 Oktober*

Die wet van God

Etlike jare terug was daar in Frankryk ‘n groot debat onder die volk aan die gang oor die kwessie van die doodstraf: moet dit afgeskaf word? Advokate wat die afskaffing van die doodstraf voorgestaan het, het die beroemde Franse skrywer en filosoof Michel Foucault gevra om namens hulle ‘n betoog te skryf. Wat hy egter gedoen het was nie om slegs die afskaffing van die doodstraf voor te staan nie, maar hy het ook die afskaffing van die hele tronkstelsel bepleit en om al die gevangenes vry te laat. Waarom? Want vir Michel Foucault was alle stelsels van moraliteit bloot menslike konstrukte. Dit was menslike idees wat deur mense in magsposisies ingestel is om sodoende die menigtes te beheer. Daarom het al hierdie morele kodes geen werklike regsgrondigheid gehad nie. Ongeag hoe ekstreem sy uitlatings was, sien ons hier ‘n logiese gevolg van ‘n probleem wat nie werklik so nuut is nie. Moses het reeds duisende jare terug met hierdie probleem te kampe gehad in antieke Israel. “ ‘Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie – elkeen net maar wat reg is in sy eie oë’ ” *(Deut. 12:8; lees ook Rigters 17:6, Op. 12:15).* Maar indien ons dan nie moet doen wat ons dink reg is in ons eie oë nie (want ons is nie geregverdig, heilig, en objektief genoeg om te weet wat moreel korrek is nie), hoe weet ons dan wat om te doen? Hierdie antwoord, natuurlik, is dat die Here wat ons geskape het ons ook ‘n morele kode gegee het waarvolgens ons moet leef. Dalk kan ons eie oë dit nie reg sien nie, maar die Here s’n wel.

Wat leer hierdie teksverse ons oor morele gedrag? Deut. 6:5, Markus 12:29–31, Op. 14:12.

Indien ons verlossing sentraal plaas in ons Christelike wêreldbeskouing, moet God se wet, die Tien Gebooie (soos ons verlede week gesien het), ook sentraal staan. Trouens, waarvan word ons dan gered as dit nie van ons sondes, die verbreking van die wet, is nie *(Rom. 3:20)*? Die evangelie maak eintlik geen sin sonder die wet van God nie, wat maar een rede is waarom ons weet dat die wet nog steeds geldig vir ons is, ten spyte van die onvermoë daarvan om ons te red. (Daarom het ons die evangelie nodig.) Daarom moet alle Sewendedag-Adventiste opvoeding dit benadruk wat Ellen White genoem het “die ewigdurendheid van die wet” (*Die Groot Stryd,* p. 63). Dit sluit die Sabbat in. Indien opvoeding die beeld van God in ons help herstel, so ver as wat dit in hierdie lewe moontlik is, moet God se wet dus op alle vlakke gehandhaaf word. In die lig van Christus se voorbeeld is dit die morele kode wat ons wys wat waarlik reg is in God se oë.

Vir verdere studie:

"Die ware doel van opvoeding is om die beeld van God in die siel te herstel."—Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, p. 595. Met hierdie idee in gedagte, kan ons sien dat 'n stewige Christelike wêreldbeskouing noodsaaklik is vir Adventiste-opvoeding. Trouens, soos ons vroeër gesien het, is opvoeding op sigself en uit sy eie nie noodwendig goed nie. Mense kan geleer word, selfs hoog opgevoed word, in idees en begrippe wat in teenstelling staan met die beginsels wat in die Bybel gevind word. Daarom moet ons as Sewendedag-Adventiste ons opvoedkundige stelsel baseer op die Christelike wêreldbeskouing. Dit beteken dat in alle velde van die algemene opvoedkunde moet die wetenskap, geskiedenis, kultuur, ensovoorts, uit daardie perspektief onderrig word, in teenstelling met een wat dit weerspreek of bloot ignoreer. Soos vroeër genoem, maar dalk van waarde om te herhaal, is die feit dat daar nie iets soos 'n neutrale perspektief bestaan nie; die hele lewe, die werklikheid in sy geheel, word gesien deur die lens van 'n mens se wêreldbeskouing, of daardie uitkyk logies en sistematies uitgewerk is of nie. Daarom is dit so noodsaaklik dat die bybelse wêreldbeskouing die grondslag vorm van alle Sewendedag-Adventiste opvoeding.

Vrae vir bespreking:

1. Kan jy dink aan voorbeelde uit die geskiedenis waar totale onderrigstelsels van opvoedkunde uiters destruktief was (of nog steeds is)? Waar was hierdie plekke, wat is daar geleer, en wat kan ons vandag daaruit leer? Hoe kan ons ons eie opvoedkundige stelsels van hierdie destruktiewe invloede beskerm?

2. Hierdie week se les het gekyk na sommige van die sleutelpunte van 'n Christelike wêreldbeskouing: die bestaan van God, die skepping, die Bybel, die verlossingsplan, en die wet van God. Watter ander belangrike elemente behoort ook hierby ingesluit te word in enige volledige samestelling van 'n Christelike wêreldbeskouing?

3. 'n Agtiende eeuse denker het een keer geskryf: "O gewete! Gewete! Jy wat die goddelike instink is, die gids vir 'n onkundige en ingeperkte, al is jy intelligent en vry, jy wat die onfeilbare oordeel van goed en kwaad is, wat die mens soortgelyk stel aan die goddelike." Wat is reg, of verkeerd, met hierdie uitgangspunt?

4. Kyk weer na Ellen G. White se stelling: "Die ware doel van opvoeding is om die beeld van God in die siel te herstel." Wat beteken dit? Hoe wys hierdie stelling aan ons waarom Adventiste-opvoeding so verskillend moet wees van hoe die wêreld opvoeding sien?